

Sondag, 20 September 2020

Fokusteks: Eksodus 16:2-15

Wat moet 'n mens doen as die fundamente waarop jy jou lewe van elke dag bou, onder jou uitgeruk word? Mense verloor hul werk. Mense verloor hul gesondheid. Families verloor hul dierbares aan die dood. Soms is dit nie die dood wat mense skei nie, maar onherstelbare verhoudings. Daar is ook diegene wat hul beleggings of pensioengeld weens ander se skelmstreke verloor. Hierdie dinge ruk ons uit ons gemaksones. Ons is soos vlieduiwe wat iewers in die vreemde losgelaat word, wat eers moet sirkel op een plek, sodat hulle hul koers moet soek en vind, voordat hulle verder vlieg. Soms beland jy in sulke omstandighede wat jou koersloos laat, wat jou uitsig op die toekoms wegneem of verduister. Dit is dan wat die vrae kom: *Wat nou? Wat gaan nou van ons word? Nou weet ek nie verder nie. Nou is ek in die woestyn. Ek ervaar 'n woestyntyd.*

As jy al sulke woestyntyte in jou lewe gehad het, moet jy mooi na hierdie verhaal luister en sien hoe die Here jou gevorm en versorg het, hoe Hy jou geesteliks fiks gemaak het. En as jy nou so 'n tyd ervaar, moet ook jy aandag gee aan Israel se verhaal in die woestyn. Die woestyn is 'n simbool van verlatenheid, van dood. Maar dis in die woestyn waar God jou kan verras met nuwe lewe, met sy genade, sy getrouheid en goedheid.

Die Bybel beklemtoon op baie plekke dat ontwrigting, die losbreek uit jou gemaksones, op 'n vreemde manier goed kan wees vir jou geestelike pad met God. Een van die bekendste verhale hieroor is Israel se reis met God deur die woestyn. Die woestyn, of wildernis, is in Bybelse taal die plek waar die Here sy mense vorm. Só het God 'n klomp slawe uit Egipte verlos en hulle in die woestyn, oor 'n lang tydperk, tot sy volk gevorm.

Dr. Coenie Burger, bekende teoloog, (in sy boek *Vergesel van die Almagtige*) maak baie waardevolle opmerkings oor die plek wat die woestyn in die Bybel inneem. Dis 'n:

- tyd van skaarste, 'n tyd waarin mense bewus word van hulle broosheid en afhanklikheid,
- 'n tyd van wisseling tussen wanhoop en hoop,
- ook 'n tyd van voorsiening (water, manna, kwartels), omdat God daar is.

Omdat die Here self in die woestyn teenwoordig was, sê Burger, het Israel eerstehands geleer en gesien hoe hierdie Heer beheer neem. Dit het hulle geleer om die Here op 'n nuwe, dieper manier te leer ken: *"Die woestyn is die plek waar jou oë weer kan oopgaan om die wonder van gewone dinge in die lewe te waardeer. Die woestyn kan 'n plek vol verrassings wees."*

Dis nog nie eens 2 maande nadat hulle uit Egipte is nie, en die Israeliete begin erg ontevrede raak oor hul omstandighede in die woestyn. Hulle hou as't ware 'n protesoptog na die leierskap - Moses en Aäron. Die klagte? Hulle dienslewering is swak. Daar is nie meer kos nie. Hulle sal in die woestyn doodgaan. Eintlik moes hulle nooit uit Egipte getrek het nie. Hulle was nou wel slawe, en het maar swaar geleef onder die Farao, maar hulle het ten minste kos gehad, boonop was daar vleis om te eet!

Eintlik was hul klagte teen God. Want dis God wat Moses en Aäron geroep het om hulle uit Egipte te lei. Ironies genoeg is dit God se verlossing wat hulle in die woestyn laat beland het. Normaalweg dink ons aan verlossing as iets wat jou *uit* die moeilikheid kry, maar hier lyk dit asof die verlossing hulle *in* die moeilikheid kry, dieper as waarin hulle in Egipte was. Dit lyk dan nou asof God se verlossing hulle mislei het - verlos uit Egipte, net om hier in die woestyn dood te gaan.

Skaars 2 maande vroeër het God aan hulle sy groot mag gewys. Egipte is deur middel van plaes tot oorgawe gedwing. Die Farao moes die knie voor God buig. En toe hy Israel vir oulaas nog wou aanval, is die room van die weermag in die Rietsee vasgevang en verdrink. Die Israeliete het droogvoets deurgetrek. God is groot!

God *was* miskien daardie tyd groot, ja, maar nou dat die nuwe hoofstuk aangebreek het, die nuwe roetine deur die woestyn, nou is die bewondering vir God weg. Te gou het hulle vergeet van God se krag, sy mag, sy wonderdade. Dis tog interessant hoe ons ook gou-gou vergeet wat die Here in ons lewe gedoen het, of dat Hy ons met wysheid en groot geduld deur moeilike omstandighede gelei het. Hoeveel maal gebeur dit nie dat ons Hom dank en prys vir wat Hy gedoen het nie, net om met die geringste ontwrigting in ons lewens weer te begin kla. Die bewondering is weg. Wanneer die roetine van elke dag terugkeer, word ons maar weer deur ons eie gedagtes, wense en begeertes beheer.

Dis wat hier gebeur. Die volk se eie behoeftes en vrese kry die oorhand. In die proses gee hulle toe aan twee ernstige versoekings. Eerstens kla hulle oor die leiers wat deur die Here oor hulle aangestel is. Moses en Aäron moet dalk eerder bedank, want hulle moet verantwoording doen oor dinge so skeefgeloop het in die woestyn. Tweedens is hulle ontevrede met God se sorg en voorsiening. Jy kry dit dwarsdeur die Eksodusverhaal - die geweldige spanning tussen 'n liefdevolle, versorgende en voorsienende God en sy mense wat Hom verwerp. Ook hier in Eksodus 16 is die volk dalk in opstand teen mense, teen hul leiers, maar ten diepste is dit opstand teen die Here self!

Teen hierdie agtergrond word die daaglikse gawe van manna en kwartels uit die hand van God aangekondig. Dié gawe is 'n teken dat die Here die verset en opstand raakgesien het. Van nou af sal hulle ervaar hoe die Here hul met daaglikse voedsel sal voorsien. So sal hulle leer om vanuit die Here se hand te lewe. Die daaglikse voedsel is 'n toets: sal die volk kies om vanuit God se beloftes van trou te lewe? Of sal hulle teen God kies, en hulle eie pad inslaan? Deur al die ervaring van God se teenwoordigheid, deur ongehoorsaamheid, ontrou en toetsing heen, was die woestyn die ruimte waar die volk se nuwe identiteit as GóD se volk gevorm is. Die woestyn het 'n ruimte vir bekering, groei en geloof geword. Hulle moes beseef dat hulle nie meer 'n slawevolke is nie, maar die eiendomsvolke van God. Deuteronomium 8:2, 3 verwys hierna:

Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het. Hy het dit gedoen om jou nederig te laat word en om jou op die proef te stel sodat Hy kan weet wat jy dink en of jy sy geboorte sal gehoorsaam of nie. Hy het jou laat swaarkry, laat honger ly en toe met manna gevoed, iets waarmee nóg jy nóg jou voorvaders bekend was. Hy het dit gedoen om jou te leer dat 'n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom.

Die woestyntyd was dus uiters nodig. Deel van hierdie proses was om te leer om uit God se hand te leef, om te ontdek dat sy genade groter as hulle mislukkings en sonde is, om sy leiding in alle opsigte te respekteer en te volg, en om 'n nuwe gehoorsaamheid aan te leer.

Ons leer baie van onself in hierdie skrifgedeelte. 'n Persoon met die naam, Sadhu Sundar Singh, skryf dat mense soos klein keteltjies is - hulle kook vinnig met woede oor vir die kleinste probleem of oortreding. Gelukkig is God nie so nie. As God so gou kwaad geword het, sou die wêreld lankal 'n puinhoop gewees het. Dit is dalk die belangrikste wat ons hieruit moet leer, naamlik dat God groot geduld met sy klaende kinders het. Hy is bereid om te luister. Bereid om steeds te voorsien vir elke dag ten spyte van sonde en ongeloof. Hy is nie afwesig nie en skryf ons nie af as 'n saak wat verlore is nie. 'n Mens ontdek hierdie waarheid net wanneer jyself van alle sekuriteite gestroop is totdat net God alleen oorbly. Eers dan beseef jy wie God vir jou regtig is.

In Matteus 6:25-34 leer Jesus dieselfde beginsel van vertrouwe en afhanklikheid van God. Daar praat Hy oor die sorg van die lewe. Moet jou nie oor die dag van môre en oormôre bekommer nie, die Here weet wat jy nodig het. Elke dag het genoeg moeilikheid van sy eie, sê Hy, en juis daarom moet ons die Here vertrou vir elke dag se versorging. Daar is sommige dinge en situasies waarvoor jy nie beheer het nie. In sulke tye moet jy die koninkryk van God soek, en sy wil. Die Here sal voorsien uit sy genade. Jesus leer ons ook om te bid

vir ons daaglikse brood. Dit is dieselfde Here van Moses en Aäron wat ook vandag uitkoms sal gee. Tot vandag toe moet ons leer waar ons brood werklik gebotter is. Die woestyntye in ons lewens leer ons nie net om op God se reddende voorsienigheid staat te maak nie, maar ook om Hom in gehoorsaamheid te volg. Dit is onlosmaaklik daaraan verbind. Jesus het self die woestynpad geloop. Hy het ook honger en dors geword. Hy was egter getrou en gehoorsaam aan sy Vader. Weet dan dat Jesus jou woestynpad ken. Glo dan dat Hy lankal gereed staan om jou te versorg. Vertrou sy leiding, laat toe dat God jou verras met sy beloftes van hoop.

In Johannes 6 gebruik Jesus brood as 'n metafoor om te verduidelik dat Hy gekom het sodat mense die lewe kan hê. Sy liggaam is die ware voedsel en sy bloed die ware drank. En dan staan daar hierdie wonderlike belofte waar Jesus na Homself verwys in vers 58:

Hierdie brood wat uit die hemel gekom het, is nie soos die manna wat julle voorouers geëet het nie. Hulle het dit geëet en tog gesterwe. Wie hierdie brood eet, sal ewig lewe.

GEBED (Lied 275:3-5)

Berei vir ons die lewenspad -
wil deur u Gees ons lei;
en as ons val, o Vader, vat
ons hand en staan ons by.

Bewaar ons, Heer, in alle nood;
hou oor ons lewe wag.
Wil kleding skenk, gee daaglik brood -
ons deel vir elke dag.

Beskikker van ons deel en lot
in voor- en teëspoed,
U is ons Vader en ons God -
net U is waarlik goed.